
# Hakies

- Hakies dui ekstra inligting aan.

Nadia (my sussie) kom kuier.

Ek was gister (Dinsdag) by die Spar.



# Vraagteken

'n Vraagteken word gebruik aan die einde van 'n sin wanneer jy 'n vraag vra.

Wat?

Waar?

Hoe?

Wie?

Hoekom?

Wanneer?



# Aanhalingstekens

- **Dit word gebruik wanneer 'n persoon praat.**

“Sal jy asseblief saam met my speel Ben?”

- **Dit word gebruik wanneer jy 'n persoon <u>aanhaal</u>.**


Ben het gesê: “Sy gunsteling kos is pasta.”



# Uitroepteken

'n Uitroepteken word aan die einde van 'n sin gebruik wanneer jy kwaad of opgewonde is of wanneer jy skree.

Stop!
Help!
Eina, jy maak my seer!
Jy maak my so kwaad!



# Punt

**1. Aan die einde van 'n sin.**

- Ek is lief vir my familie.

**2. Na 'n afkorting:**

- Vr.
- Des.
- Dr.





# Dubbelpunt :

Dit word gebruik wanneer 'n lys items of verduidelikings genoem word.

Ek het drie gunsteling kleure: pers, pienk en rooi.



# Afkappingsteken

- Dit word gebruik by woorde wat eindig op **i**, **o**, **u** en 'n **beklemtoonde a** as dit in die meervoud geskryf word.

taxi – taxi's

ma – ma's

foto – foto's

- Letters en syfers.

4 – 4's


d – d's



# Koppelteken

| | |
|---|---|
| **Samestelling van syfers en letters.**<br>R10-noot<br>A-groep<br>7-jarige | **Woorde wat eindig met "hulle".**<br>pa-hulle<br>ma-hulle<br>Ben-hulle |
| **Opeenhoping van vokale.**<br>(a, e, i, o en u)<br>see-eend<br>bo-op | **Woorde wat herhaal word.**<br>fluit-fluit<br>nou-nou<br>lag-lag |
| **By name.**<br>Suid-Afrika<br>KwaZulu-Natal | **Woorde wat met "en" verbind is.**<br>bek-en-klouseer |







# Komma ,

- **Voor want en maar:**

▶ Ek hou van appels, maar nie van piesangs nie.

▶ My vinger bloei, want ek het hom met die mes gesny.

- **Tussen 'n lys woorde, inplaas van "en":**

▶ Ek hou van appels, pere, perskes en piesangs.

